

LAAT ONS EET EN DRINK EN VROLIK WEES

Ek wil graag vanaand met u in 'n ligte trant oor 'n gewigtige onderwerp praat. Ek wil met u praat oor die wonder van die Westerse beskawing hier aan die Suidpunt van Afrika en dan sommer ook uitkom by die plek van voedsel en wyn in hierdie beskawing.

Soos u weet het die Europese kolonialisasie in die 16de en 17de eeu gelei tot die totstandkoming van verskeie Nuwe Europas in die Nuwe Wêreld. As gevolg hiervan het Nuwe Europas in Kanada en die V.S.A. en die Suid-Amerikaanse lande, in Australië en Nieu Zeeland en ook in Suid-Afrika tot stand gekom. Alhoewel daar baie ooreenkomste tussen hierdie Nuwe Europa en Suid-Afrika is - en ons 'n snaakse soort familie van broers en susters vorm - is daar tog baie belangrike verskille tussen Suid-Afrika en die res van die Nuwe Europas. Die ander Nuwe Europas het tot stand gekom op kontinente en eilande wat relatief onderbevolk was - of so word vir ons gesê - terwyl die inheemse bevolkings wat wel daar teenwoordig was, so te sê heeltemal uitgewis is en die betrokke kontinente as't ware leeggemaak is en bykans geheel en al met mense uit Europa (en 'n aantal slawe uit Afrika) van vooraf opgevul kon word. In teenstelling hiermee is Suid-Afrika die enigste van die Nuwe Europas wat in Afrika tot stand gekom het, wat nog staande bly en wat in belang van die Afrika en die Westerse wêreld staande moet bly. Terwyl die teenwoordigheid van Europese kolonialiste in die ander Nuwe Europas tot gevolg gehad het dat die inheemse bevolking as't ware leeg geloop het, het die teenwoordigheid van Europese kolonialiste en koloniale invloede in Afrika tot gevolg gehad dat hierdie kontinent net voller en voller van sy eie inheemse bevolkings geword het. Vanweë kontak met die Europese beskawing is baie van die siektes en pestelensies wat die bevolking van hierdie Kontinent laag gehou het, onder die knie gekry. Die mense van Afrika het ook higiëniese lewenswyse by die Europeërs geleer en - waarskynlik die belangrikste van alles - die inheemse bevolkings se kennis om voedsel te verbou en te verwerk het geweldig gebaat deur sy kontak met Europeërs.

Ek glo nie die Westerse wêreld sal ooit oortuig kan word van hoe ingrypend die verskil is tussen Suid-Afrika se posisie as 'n Nuwe Europa op 'n onderontwikkelde en 'n oortuig kontinent en diê van al die ander Nuwe Europas wat hulle in die gerieflike posisie bevind dat hulle geensins meer met

die inheemse bevolking hoef rekening te hou nie. En of ons nou deur-  
gaans die nodige begrip en ondersteuning van Europa en al die Nuwe Europas  
gaan kry, vir ons vasberade voorneme om hierdie Nuwe Europa aan die Suid-  
punt van Afrika te handhaaf, maak nie saak nie. Ons gaan dit in elk  
geval doen. Hoe moeilik ons taak hier aan die Suidpunt van Afrika ook  
al is en hoe moeilik die Westerse wêreld (om nie eens van die Kommunis-  
tiese blok te praat nie) dit ookal vir ons mag maak in ons poging om  
die Christelik Westerse beskawing hier te handhaaf, ons gaan dit in elk  
geval met groot sukses doen - nie alleen ter wille van ons self nie, maar  
ook ter wille van Afrika en ter wille van die Weste.

Dit is miskien by 'n fees soos hierdie gepas om daaraan terug te dink  
dat ons ons teenwoordigheid in Afrika aan vars voedsel en vars drinkwater  
te danke het. Ons het ons bestaan hier dus in meer as een sin van die  
woord aan voedsel te danke! Ek het eendag iemand wat baie moedeloos was  
oor ons besondere probleme hier in Suid-Afrika met 'n versugting hoor  
sê: "Ag as 'n vrieskas of iets soortgelyks maar net 300 jaar vroeër  
uitgevind was, dan sou dit nie nodig gewees het om 'n halfwegstasie vir  
vars voedsel aan die Kaap te stig nie." Hierdie swartgallige vriend van  
my het dit ook ontstellend gevind dat ons nooit eers 'n kolonie van Holland  
was nie en daarom nooit regtig 'n Moederland gehad het nie. Hy vind dit  
ook jammer dat ons aanvanklik die "kolonie" van 'n half-bankrot maatskappy  
was wat nooit bedoel het dat 'n Nuwe Europa hier moet wortel skoet nie.  
As ek hierdie Jobstrooster reg verstaan, dat beskou hy die totstandkoming  
van die kolonie aan die Kaap in die woorde van Schalk Pienaar as 'n  
"ligte mistyk" wat eintlik nie moes plaasgevind het nie.

Teenoor hierdie soort swartgalligheid wil ek u graag die versekering gee  
dat ek oorloop van blydskap omdat ek deel kan wees van die Christelike  
en Westerse beskawing op die Afrika kontinent. Wat 'n wonderlike voorreg  
het ons nie? Aan die eenkant kan ons leef in so 'n mooi land wat sulke  
besondere uitdagings aan ons stel. Aan die ander kant staan ons los van  
die Westerse wêreld en kan ons 'n eie en selfstandige inhoud aan die  
Christelik Westerse beskawing verleen. Ek wil ons posisie hier nie  
onnodig dramatiseer nie. Ek wil ook nie kom met die ou argument dat ons  
'n uitverkore volk is nie en daarom op sekere voorregte geregtig is nie.  
Ek wil eerder die klem lê op die historiese aard van ons posisie hier.  
Wat 'n geweldige historiese uitdaging het ons nie om die Christelike en  
Westerse beskawing aan die Suidpunt van Afrika te handhaaf en uit te bou  
nie. Ek wil liever nie daaraan dink as 'n uitdaging nie. Ek wil liever  
daaraan dink as 'n voorreg - 'n baie besondere voorreg.

Die Christelike en Westerse beskawing het sy lig en sy donker kante soos alle dinge in hierdie gebroke ondermaanse wêreld. Maar die ligkante daarvan is voorwaar 'n wonder en boonop is dit 'n wonderlike voorreg om daardie ligkante hier te probeer uitbou. Ek wonder soms of ons genoeg stil staan om al die wonderlike voorregte van die beskawing te waardeer. Die lewe rondom ons is so ongelooflik mooi en opwindend. Dink maar aan die prag van 'n goed versorgde landskap, aan mooi geboue en 'n mooi woonbuurt met goed versorgde tuine. Dink maar aan die prag van 'n groep goedversorgde skoolkinders, aan die prag van 'n gradeplegtigheid. Wat is mooier as mense en veral beskaafde mense? Beskawing is 'n ding van mense. Dit is die manier waarop mense hulleself mooi en goed maak.

Die beskawing het nie net met mense as individue te make nie. Dit het eweseer - of miskien nog in 'n groter mate - met mense in hulle samesyn te make. Die beskaafde samesyn van mense neem baie vorme en patrone aan maar een van die belangrikste van al die verskillende vorme van samesyn, is rondom die etenstafel met goeie voedsel en goeie wyn. Die etenstafel speel 'n baie belangrike rol in almal van ons se beskaafde lewens. Dit is rondom die etenstafel wat ons ons kinders hulle goeie maniere leer - of dit probeer doen. Dit is rondom die etenstafel wat 'n gesin spontaan oor die alledaagse dinge van die dag gesels. Dis om die etenstafel - met goeie voedsel en wyn daarop - waar vriende spontaan kan gesels en hulle behoefte aan sosiale samesyn en vriendskap kan bevredig. Die voedsel en die wyn op die etenstafel is so belangrik dat dit 'n soort barometer van beskaafdheid geword het. Dit lyk my 'n mens sal die veralgemening kan maak dat die kwaliteit van die voedsel en die kwaliteit van die wyn 'n maatstaf is van die kwaliteit van die beskawing. Beskaafde mense het 'n fyn smaak - 'n fyn ontwikkelde smaak vir goeie voedsel en goeie wyn en goeie samesyn.

Ons leef in 'n tyd van die massa-kultuur. Goedere word in massas vervaardig en die massa-media is bewus en onbewus besig om ons behoeftes te slyp en gelyk en gelykvormig te maak. Die massa-kultuur van ons tyd is 'n donker kant van ons beskawing. Die massa-kultuur is 'n ongelukkige vervlakkingsproses wat telkens 'n premie op dit wat gemiddeld is plaas en die uitsonderlike doodsmoor. Dit is om hierdie rede dat 'n mens alle pogings om die uitsonderlike, die verdienstelike, dit wat kwaliteit het en spesiaal is, te bevorder, so baie waardeer

Dit wat die Wynproewersgilde doen om dit wat 'spesiaal en uitsonderlik is, en dit wat kwaliteit het, te bevorder moet ten seerste verwelkom en aange-  
moedig word. As deel van ons beskawing is dit belangrik om produkte van 'n hoë kwaliteit te produseer. Maar wat mense waarskynlik nie na wense besef nie is dat dit 'n veel belangriker deel van die beskawing is om 'n goeie sin en 'n goeie smaak vir kwaliteitsprodukte te ontwikkel en te kultiveer. Ek wonder soms of ons in ons materialistiese wêreld nie te geneig is om te veel produkte te wil produseer op grond van die veronder-  
stelling dat mense 'n onversadigbare behoefte en drang na net meer en meer produkte het nie. Ek wonder of ons ons nie self moet leer om met minder tevrede te wees solank daardie minder net beter is nie. Aan die einde van die dag is dit nie die hoeveelheid goedere wat saak maak nie, maar veeleerder die kwaliteit van ons behoeftes en hoe fyn en gekultiveerd ons smaak ontwikkel is. Indien ons 'n fyn smaak vir wyn en voedsel en goeie vriende ontwikkel, kan dit uitkring en sorg dat ons smaak vir al die ander dinge in die lewe ook fyn en beskaafd sal wees. Hoe belangrik goeie wyn en voedsel vir goeie sosiale samesyn en die beskwaing as dusdanig is, wil ek ten slotte illustreer met aanhalings uit twee van ons grootste skrywers. Opperman laat een van sy karakters in Periadres van Korinthe die volgende sê:

die hoogste ~~ver~~ugde van die aarde word gewek  
 deur die drie-eenheid: eet, drink en gesprek -  
 deur koue slaai, bees en vark gekerf in skywe  
 deur droë wyne, woord en weerwoord, bitter kaas, olywe  
 - - - - -  
 - - - - -  
 Eet en drink en die gesprek verander  
 Al die selfsug, en deel die beste van jouself met ander

Marthinus Versfeld het by geleentheid soos volg oor voedsel en wyn geskryf:

"Die ganse mensdom ly aan sy maag. Ons maak so 'n groot bohaai oor die hart, maar maag spreek tot maag ... (Kos) bepaal die etos, die samesyn en die sin van die lewe. Want jy bou aan jou siel deur te werk, en aangesien ons grotendeels vir die maag werk, is dit wel 'n vraag of die setel van die siel nie die maag is nie - - - -

Die pad na die maag is die verhemelte, en daarom is daar 'n filosofie van die kos en van die kookkuns. --- Die mens proe nie net met sy tong nie. Hy proe met sy siel. Sy sintuie verskaf 'n ewige nasmaak.

- - - - -

Die geheim van koskook en wynmaak is doodeenvoudig. ----- Jy moet meewerk met die Goddelike verstand wat dit aan jou oorgelaat het om ook iets tot die Skepping by te dra. Kos en wyn is ook lof tot God. Dis 'n siel wat uitwasem wanneer jy die prop trek of die deksel oopmaak, en wat soos 'n goeie mens 'n hele kamer kan vul en 'n hele gemeenskap kan verenig. Slegte mense kan nie goeie wyn of goeie ertjiesop maak nie, want dit vereis 'n bietjie van die liefde wat die wêreld gemaak het. Dit moet karakter hê, - - - -

Derhalwe moet jy dinge maak en nie verbrou nie. Sorg vir die brood. Moenie die bekoring uit die koring laat verdwyn nie." Sover Versfeld.

In die politiek moet ons dinge ook nie verbrou nie. Ek hoop van harte die bekoring bly in die politiek! Laat ons solank eet en drink en vrolik wees - - - -